



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015
ASSESSERINGRIGLYNE
AFRIKAANS HUISTAAL
GRAAD 2**

INLEIDING

Die 2015 Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse (JNA 2015) sal in September 2015 in alle openbare en geïdentifiseerde privaatskole geskryf word. Graad 1 – 3 leerders sal gedurende hierdie tydperk nasionale toetse in Huistaal en Wiskunde aflê. Die resultate van hierdie toetse sal gebruik word om vas te stel of die mylpale wat in die *Action Plan 2015 Towards Schooling 2025* wel bereik kan word.

Die JNA sal gedurende die derde kwartaal geskryf word. Die Nasionale Departement van Onderwys het daarom riglyne beskikbaar gestel vir die vakke (Huistaal en Wiskunde). Die doel van hierdie riglyne is om seker te maak dat leerders wel die minimum dekking van die kurrikulum per vak per graad gedoen sal hê en in staat sal wees om die toetse met redelike sukses te kan voltooi. Die riglyne bepaal die raamwerk vir die werk wat gedek moet word per graad en per vak. Die 2015 JNA is ontwikkel in ooreenstemming met die kurrikulum wat in die fase geïmplementeer moet word.

GRONDSLAGFASE

Die toetse sal saamgestel word uit die voorgeskrewe kurrikulum van Grade 1 - 3 vir kwartale een tot drie van die skooljaar. Die riglyne vir hierdie grade is saamgestel en georganiseer in drie kolomme en rye. In die eerste kolom word die vaardigheid wat geassesseer word gespesifiseer. In die tweede kolom word die inhoud wat geassesseer word uiteengesit en in die derde en laaste kolom word die spesifieke vaardighede uiteengesit.

Daar word van opvoeders verwag om die Assesseringsriglyne met ander hulpbronne vir hulle onderrig en assesseringsprogramme te gebruik.

Vaardigheid	Inhoud wat assesseer word Toets of die leerder in staat is om:	Spesifieke Vaardighede
LEES EN KLANKE	Identifiseer vokaalklanke wat uit 2 letters bestaan, bv. ie,oe,ou (kwartaal 1).	Gebruik prente as riglyn om klanke te toets.
	Gebruik begin-en eindklanke om woorde te bou.	Skryf die regte woord by die prent.
	Herken bv. “br” aan die begin van woorde, soos broek, brood. Herken bv.“aai” aan die einde van woorde soos waai, fraai.	Gebruik beginklanke en eindklanke.
	Identifiseer kernbesonderhede oor die hoofgedagte van die storie.	Gee die beste naam vir die storie.
	Identifiseer kernbesonderhede oor die hoofkarakters van die storie.	Haal informasie uit die leesstuk uit.
	Identifiseer kernbesonderhede oor die agtergrond van die storie.	Haal informasie uit die leesstuk uit.
	Identifiseer die logiese volgorde van gebeure in die storie.	Nommer die sinne in die regte volgorde.
	Lees teks en bespreek oorsaak en gevolg.	Toon begrip vir oorsaak-en gevolg-verhoudings.
	Beantwoord hoë orde vrae baseer op die teks.	Toon begrip oor die einde van die storie.
	Verduidelik waarom jy van die storie gehou het aldus nie.	Verduidelik of jy van die storie gehou het aldus nie. gee ook redes vir jou antwoord. “ Ek het van die storie gehou omdat...”
Identifiseer ooreenkomste (kwartaal 2, Luister en	Gebruik ooreenkomste.	

Vaardigheid	Inhoud wat assesseer word Toets of die leerder in staat is om:	Spesifieke Vaardighede
	praat).	
	Identifiseer verskille (kwartaal 2, Luister en praat).	Gebruik verskille.
	Herken rymwoorde en woordfamilies, b.v koei, bloei, groei (kwartaal 3).	Kies die regte klank uit die gegewe opsies.
	Interpreteer informasie vanaf 'n tabel.	Gebruik inligting vanaf 'n tabel (kalender/grafiek) om vrae te antwoord.
SKRYF	Identifiseer en gebruik voornaamwoorde korrek, bv. myne, joune, ons s'n.	Kies die regte voornaamwoord.
	Gebruik teenwoordige tyd korrek.	Skryf die sin oor in die verlede tyd.
	Gebruik toekomstige tyd korrek.	Skryf die sin oor in die toekomstige tyd.
	Gebruik puntuasie korrek (hoofletters, punte en vraagtekens).	Skryf die sin oor gebruik die korrekte puntuasie.
	Gebruik selfstandige naamwoorde korrek.	Skryf die regte selfstandige naamwoord neer.
	Skryf eenvoudige sinne oor 'n gegewe prent.	Skryf 'n paragraaf of 5 tot 8 sinne oor die prent.

Die finale punt vir vraag 16 bestaan uit die volgende:

Inhoudpunt + Taal/leesteken- en spellingpunt = 5 punte

VRAAG 16 – ASSESSERINGSRUBRIEK		
KRITERIA	BESKRYWING	PUNTE
Inhoud (Maksimum 3 punte)	Geen poging aangewend nie/het instruksies net oorgeskryf/ het net 'n gedeelte van 'n sin geskryf /net 'n woord/ skryf een sin wat nie van toepassing is op die prent nie.	0
	2 of meer sinne wat nie van toepassing is op die prent nie. OF 1 sin wat van toepassing is op die prent.	1
	2 – 4 sinne wat van toepassing is op die prent.	2
	5 - 8 sinne wat van toepassing is op die prent.	3
Taal en taalstrukture (Maksimum 2 punte)	10 of meer taal-, spel- en leestekenfoute.	0
	4 – 9 taal-, spel- en leestekenfoute.	1
	0 – 3 taal-, spel- en leestekenfoute.	2
Totaal	Totale punt: 5	